

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 39: *Chukkat* (חֻקַּת): Verordening (Wetsinsetting)

יהוה het met Moshe en Aharon gepraat en gesê: “Hierdie is die instelling van die wet wat יהוה beveel het deur te sê: ‘Praat met die seuns van Yisra’el dat hulle vir jou ‘n vlekkelose rooi verskalf bring wat geen gebrek het nie en waarop geen juk gekom het nie. Num. 19:1 en 2 – PWL¹

Torah: Num. 19:1 tot 22:1

- Wie Volg Jy?
- Die Waarheid Van Vrymaking
- **Num. 19:1 tot 22** – Die Rooi Verskalf En Die Reinigingswater

Haftorah: Rigters 11:1 tot 33 – Die Hede Belangriker As Die Verlede!

Hernieuwe Verbond: Heb. 9:11 tot 22; 13:10 tot 13; Joh. 3:9 tot 21; 1 Kor. 10:4; Joh. 4:10 en 14; 7:37 en 38; Open. 22:17; Luk. 10:19; 1 Kor. 15:55 tot 5; Jak. 4:7

Midrash Wie Volg Jy?

In parashah 37 het ons verwys na wat ‘n ware Torah leefwyse behels, asook dat ons weens menslike swakhede en tekortkominge waarskynlik tot en met die wederkoms van Yeshua nooit die volle kennis en insig in die Afgesonderde Skrifte sal hê nie. Ons ken slegs ten dele

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

(1 Kor. 13:12). Daar is Skrifgedeeltes, veral in Torah (die eerste vyf boeke), wat moeilik is om te verstaan en om korrek te verklaar. Die gevolg hiervan is dat ons almal genoodsaak word om een van twee keuses te maak, naamlik:

- ❖ Ons verklaar die Skrifte in die lig van ons eie insig en openbaringskennis of
- ❖ Ons volg 'n geestelike leier se insig en openbaringskennis.

Meestal is dit 'n kombiansie van bogenoemde met slegs 'n verskil in waar die klem geplaas word. Sommige sal meer staat maak op hul eie geestelike kennis en insig as om enige geestelike leier te volg. Ander sal weer blindelings 'n sekere leier volg sonder om self die Skrifte te ondersoek. In beide gevalle bestaan die moontlikheid vir die verkeerde verklaring van Skrifgedeeltes en is misleiding dus nie uitgesluit nie!!

Indien 'n geestelike leier gevolg word, moet daar altyd in gedagte gehou word dat die leier ook slegs ten dele verstaan en dan ook dikwels sy eie belange (bediening) sal beskerm. Die rede vir laasgenoemde is meesal finansiël, maar kan ook weens hoogmoed (soeke na eie eer en erkenning) wees.

In die lig hiervan skryf Madeleine van Heerden die volgende:

Die Jode volg hulle Rabbi's. As 'n mens hulle literatuur lees, sien jy dat hulle altyd een of ander persoon se teaching sal aanhaal. Dit is ook presies wat in Y'shua se tyd gebeur het. Binne die groter konteks was Y'shua 'n gesaghebbende Rabbi met 'n klomp dissipels wat Sy interpretasie van Torah gevolg het. Daar was 'n klomp ander rondreisende Rabbi's ook en elk met sy eie Torah fokus en elk met sy eie volgelingen. Dit is byvoorbeeld hoekom Paulus gesê het dat hy Gamaliel se volgeling was. Hy het onmiddelik sy invalshoek op Torah duidelik gemaak, want almal sou weet wat Gamaliel se teachings was. Terloops, ek het agtergekom in gesprekke met 'n ortodokse Jood dat hulle glad nie aanstoot neem as jy sê dat jy Y'shua as Torah Rabbi volg nie. Hulle erken en respekteer sy teachings. Dit is dalk 'n goeie invalshoek wat 'n mens kan gebruik..

Die Christendom doen ook presies dieselfde. Hulle volg hulle predikant, pastoor, profeet, selleier, ensovoorts se interpretasie van die Skrif. Dieselfde is besig om in die Messiaanse beweging ook te gebeur, jy kry jou Michael Rood, Brad Scott, Montey Judah enovoorts aanhangers. Ons almal volg iemand en nie een van ons is 100% korrek nie!!

Ek dink dit het tyd geraak dat ons almal mooi moet gaan besin oor wie presies ons volg. Wie is werklik ons Rabbi, wie se interpretasie van die Torah volg ons? Ons het reeds die Messias en deur Sy Gees is Hy elke dag by ons. Sien ons vir Y'shua net as redder aan die kruis, of sien ons Hom ook as ons Rabbi wat vir ons die Vader se Torah kom leer? Dalk is dit tyd om weer die vier evangelies met hernieuwe Torah insig te bestudeer. Dit is die enigste Woorde van ons Messias wat behoue gebly het vir ons. Kom ons kyk weer waarop Hy gefokus het en wat Hy as die belangrikste ag. Hy het vir ons die perfekte interpretasie van Torah kom leef en leer en Hy het nie een keer gefokus op die issues wat tans die Messiaanse gelowiges verdeel nie, soos die Naam of die kalender nie. Sy fokus was altyd die motivering van die hart, die balk in jou eie oog en naaste liefde.

Julle wonder seker waarom al die gedagtes. Die gedeelte hier onder gaan oor die Jode se verwagting van die Messiaanse tydperk. Wag ons met dieselfde intense verlange na Y'shua

se koms as hulle? Besef ons dat ons almal eintlik in 'exile' is? As ek so na al die verwarring onder gelowiges kyk, kan ek nie wag dat Hy kom en 'n einde maak aan al die onsekerheid nie, want net Hy sal ons almal in eenheid kan bring! Om nie eers te praat van al die ander wonderlike dinge wat saam met die Millenium gaan gebeur nie. Kom ons vind die 'middle ground' saam met die Jode, want ons is almal 'one man' en kan met hulle saamstem dat, 'Waiting for him (Messiah) means knowing that he will bring the world to the recognition of the Almighty and at last fulfill the national mission of Israel.' Baie om oor te ponder! (Torah-Klub 2012, Parashah 39)

Die doel van enige groep wat op gereelde basis bymekaar kom om Torah te bestudeer, moet altyd wees om saam tot geestelike volwassenheid te groei (Kol. 1:9 en 2:2 en 3). Ons moet daaglik in die kennis en genade van Yeshua (die Woord, Lewende Torah) toeneem (2 Pet. 1:2 en 3:18), terwyl ons ons eie heil met vrees en bewing uitwerk (Fil. 2:12).

Ek wil hê dat julle moet weet watter groot stryd ek het vir julle en vir die wat in Laodikeia is en vir al die wat my gesig nie in die vlees gesien het nie sodat hulle verstand, wil en emosie vertroos en versterk mag word en hulle in liefde nader kan kom aan al die rykdom van die volle versekering en die insig van die kennis van die geheime van God-die-Vader en van Die Gesalfde Een, in Hom in Wie al die skatte van wysheid en kennis weggesteek is. Kol. 2:2 en 3
– PWL.

Beide parashah 37, die kies van die twaalf verkenners, en parashah 38, die rebellie van Korag, is bevestiging van die belangrikheid van wie ons as geestelike leiers kies en wie ons as geestelike leiers volg!

As Torahstudente het ons geleer wat die hoedanighede van 'n geestelike leier moet wees. Maar soos teistering, veral van seksuele aard, in die werksomgewing plaasvind, so vind geestelike teistering dikwels in die kerk (gemeente) plaas. Talle Christengelowiges is slagoffers van geestelike mishandeling (*spiritual abuse*), of soos dit ook genoem word: geestelike manipulering, outoritêre dominansie, geestelike teistering, psigologiese slawerny, geestelike aanranding en selfs geestelike verkragting.

Volgens Dr. R. Enroth (*Churches That Abuse* – Zondervan, 1992. ISBN 0-310-53290-6), asook ander kenners het geestelike mishandeling verskeie fasette, ondermeer die volgende:

- ❖ **Misbruik van Mag en Gesag:** Dit is die misbruik en verwringing van geestelike gesag en -mag deur leiers. Dit is wanneer leiers en die leierskap hulle outoriteit gebruik sonder die bereidwilligheid om openlike rentmeesterskap van hulle geloofsiening en daade te gee of toe te laat dat dit openlik bespreek of bevraagteken word. Die lidmate ondergaan dikwels ook 'n gedragsverandering van algemene respek vir die leier tot een van algehele onderwerping aan die leier en leierskap deur hul reg tot meningsverskil prys te gee.
- ❖ **Manipulasie en Beheer:** Kenmerkend van mense en groepe wat geestelik mishandel word, is 'n sosiale dinamika waar vrees, skuldgevoelens en dreigemente gebruik word om gehoorsaamheid, groepseenvormigheid en lojaliteit aan die leierskap te verseker. Die Skriftuurlike konsep van leier-dissipel verhouding ontwikkel tot 'n hiërgargie waar die leier se besluite die groep se reg en vryheid tot besluitneming beheer ten opsigte van geestelike aspekte, soos Skrifverklarings, en selfs ten opsigte van aangeleenthede soos kleredrag, beroep, sakegeleentheid, huweliksmaat, ens.

- ❖ **Elitisme en Vervolging:** Nog 'n kenmerk van mense en groepe wat geestelik mishandel word, is hulle beskouing van hulself as uniek, naamlik as die *elite*, *die uitverkorenes of die ingelides*. Hierdie word veral kenmerkend van die leier wat dikwels as die een met die salwing gesien word. Selfopgelede titels en ampte van veral profeet of apostel is kenmerkend van leiers wat hulself as spesiale gesante van God beskou. Leiers van hierdie groepe het 'n neiging om weg te breek van 'n bepaalde denominasie en onafhanklik en deur beperkte kontak met ander te funksioneer. Hierdie onafhanklikheid vrywaar die leier grootliks van kritiek en teregwyding deur ander geestelike leiers. Die gevolg is dat selfondersoek en kritiek nie gedoen of binne die groep geduld word nie. Enige kritiek van buite word gesien as vervolging deur mense wat die uitbreiding van die *Koninkryk* teenstaan. Vervolging word as *normaal* voorgehou omrede die leier en die groep die *sogenaamde waarheid* verkondig.
- ❖ **Lewenstyl en Ondervinding:** 'n Verdere kenmerk van mense en groepe wat geestelike mishandel word, is hulle doktrinêre gedrag en geloof ten opsigte van die onvoorwaardelike eenvormigheid van die groep se ideale en sosiale standaarde soos deur die leier uitgestippel word. 'n Bepaalde gedragskode en siening oor sekere Skrifte ontwikkel, want almal deel soortgelyke geestelike ondervindinge wat die samehorigheidsgevoel versterk. Groot klem word veral op die ontwikkeling en die instandhouding van hierdie eenheid en samehorigheidsgevoel gelê deur gereelde groepsaktiwiteite te organiseer en deur subtiele manupilasie om deel daaraan te hê.
- ❖ **Meningsverskille en Dissipline:** Laastens word enige meningsverskille met die leier en leierskap onderdruk en gedissiplineer. Hierdie dissipline kan in die vorm van emosionele en fisiese vernedering wees, ontneming van sekere voorregte, dreigemente van uitwerping uit en isolasie van die groep, fisieke geweld, ensovoorts. Die *beskerming* van groepslede teen enige ander sieninge en Skrifinterpretasies geniet hoë prioriteit en is 'n manier om enige meningsverskille te onderdruk. Die leerstellings van die leier word nie net by gesamentlike byeenkomste van die gemeente verkondig nie, maar ook binne die kleiner groepe (selgroepe) aan die hand van riglyne soos deur die leier aan die selleiers gegee word.

Dit is dikwels baie moeilik om die bewys vir geestelike mishandeling te vind. Die rede is dat die lyn tussen noodsaaklike orde en dissipline binne die groep en geestelike mishandeling nie altyd duidelik sigbaar is nie. Dikwels besef slagoffers ook nie dat hulle mishandel (misbruik) word nie weens groepsdruk of weens manupilasie van skuldgevoelens onder die dekmantel van gehoorsaamheid aan God. Geestelike mishandeling kan so subtiel wees dat dit eerder as onbewustelike geestelike uitbuiting beskou kan word. So byvoorbeeld is mense bereid om te *betaal* by wyse van hulle tiendes en offerhandes vir die *voorreg* om *vennoot* (*partner*) van 'n bepaalde bediening te wees, hoewel hulle geen werklike inspraak het in hoe hulle bydraes spandeer word nie, asook nie toegang tot finansiële state het nie. Hulle word *vennote* sonder enige inspraak, maar met die belofte dat hulle onder die *geestelike beskerming* (nie Skriftuurlik nie!) van die bediening staan en dat hulle oervloedig geseën sal word vir hulle liefdesoffers

Twee artikels waarin Geestelike Mishandeling meer volledig bespreek word, kan afgelaai word deur op die volgende skakels te klik:

<http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2012/04/GB7.Jul11GeestelikeTeistering.pdf>

<http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2012/04/GB8.Jul11GeestelikeTeistering2.pdf>

Bepeins of Bespreek

1. Talle bedieninge (gemeentes, *ministries*) is niks anders as 'n sake-onderneming waar die *werknemers* (lidmate) nie net bereid is om verniet te werk nie, maar selfs *betaal* (tiendes, offerandes) om in diens van die *onderneming* te wees op grond van die belofte van geestelike beskerming (*spiritual covering*) en oorvloedige seën omrede hulle in *vrugbare grond* saai.
2. Moses is die meetsnoer waaraan geestelike leiers moet voldoen. Wat is die belangrikste hoedanigheid van Moses se leierskap? Is die antwoord in Num. 12:3? Het Moses gekom om te dien of om gedien te word? Wat was Yeshua se gesindheid? Verwys Matt. 20:28.

Die Waarheid van Vrymaking

Ware dissipels is studentevolgelinge van Yeshua en nie van 'n aardse geestelike leier nie! Alleenlik dan sal ons die waarheid ken en daardie waarheid sal ons vrymaak!

Yeshua sê vir die Jode wat in Hom vertrou het: "As julle voortdurend in My boodskap bly, dan is julle ware studentevolgelinge van My en julle sal die waarheid ken en daardie waarheid sal julle vrymaak." Joh. 8:31 en 32 – PWL.

Terwille van sinvolle organisasie, dissiplene, samehorigheid, hulpverlening, ensovoorts kan 'n geestelike leier aangestel en gevolg word. Maar dit is die taak van elkeen om seker te maak dat die geestelike leier wat gevolg word uit die stoel van Moses, naamlik volgens Torah, as leier funksioneer! Beide leierskap en volgelinge moet die waarheid van Skriftuurlike vrymaking ken.

Die waarheid (Hebreeus: *Emet*) wat vrymaak, bring verantwoordelikheid wat aanvaar moet word en waarvolgens geleef moet word (Joh. 1:14; Joh. 14:6, 16 en 17). Torah-gehoorsaamheid is die pad na ware vryheid en lewe. Dit maak ons vry om die wil van YHVH te doen en nie meer ons eie wil te volg nie. Dit is die waarheid van vrymaking – vrymaking van die leuen!

Emet word in Hebreeus geskryf as *alef, mem, tav* (אמת). Die woord begin met *Alef* en eindig met *Tav* (תא) en in die middel is die *mem* (מ) wat simbolies van lewende water is. Yeshua het gesê: "*Ek is die Alef-Tav (die alfa en die omega), maar ook: Ek is die lewende water, almal wat dors het kom na My toe.* Daarom is Yeshua die Vleesgeworde Torah (Joh. 1: en 14) – die Waarheid wat onveranderlik is en wat ons vrymaak van die leuen. Yeshua is die Lewende Water wat elkeen wat in Hom glo se geestelike dors les.

En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet. Open. 21:6

Wanneer ons YHVH se Woord, vanaf Genesis tot Openbaring glo en doen, dan is die leuen verby. Die leuen kan nooit die waarheid verander nie, maar die waarheid sal altyd die leuen verander!

People do not believe lies because they have to, but because they want to – Malcolm Muggeridge

YHVH se Woord is die waarheid (*emet*), en daarom moet ons dit aanvaar sonder om dit te bevraagteken of dit ten volle te wil verstaan alvorens ons dit doen. Glo en wees gehoorsaam, en dan sal die openbaringskennis mettertyd kom! Ons moet genoegsame vertroue in die Vader hê om te besef dat gehoorsaamheid aan Sy Torah in ons eie belang is, al is dit nie volgens ons oordeel en kennis sinvol nie!

Maar ons moet in ons soeke na die waarheid soos in Torah vervat is die volgende woorde van Salomo nooit vergeet nie:

Dit is die eer van God om 'n saak te verberg, maar die eer van konings om 'n saak na te speur. Spr. 25:2

Die wetsinsetting van die rooi verskalf bevat 'n geheimenis wat ons as koninklike priesterdom moet naspur, want dit sal vir ons 'n meer volledige prentjie gee van die versoeningswerk van Yeshua Messias en dus van YHVH se genade (onverdiende guns).

Bepeins of Bespreek

1. Glo jy wat jy glo omrede dit die waarheid is of is dit die waarheid (het dit die waarheid geword) omrede jy dit glo? Indien dit die waarheid word omrede jy dit glo, dan glo jy inderwaarheid die leuen. Hoe maklik is dit nie om so mislei te word nie!
2. Indien jy geestelik mislei word is dit jou eie skuld!! Die duimreël is: Ondersoek self die Skrifte of hierdie ding die waarheid of die leuen is (Hand. 17:11).

The beginning of wisdom is found in doubting; by doubting we come to the question, and by seeking we may come upon the truth - Pierre Abelard

Num. 19:1 tot 22 – Die rooi verskalf en die reinigingswater

יהוה *het met Moshe en Aharon gepraat en gesê: “Hierdie is die instelling van die wet wat יהוה beveel het deur te sê: ‘Praat met die seuns van Yisra’el dat hulle vir jou ‘n vlekkelose rooi verskalf bring wat geen gebrek het nie en waarop geen juk gekom het nie. Num. 19:1 en 2 – PWL.*

Hierdie wetsinsetting in Num. 19:1 tot 22 aangaande die rooi verskalf (*parah adumah*) word beskou as 'n *mitzvot* (meervoud *mitzvah*) en 'n *mitzvot* kan beskryf word as:

- ❖ 'n bevel, gebod, wet en algemene beginsel van hoe om te lewe, of as
- ❖ gedragsreëls van wysheid.

Volgens Rabbynse siening is daar twee tipes *mitzvah*, naamlik:

- ❖ Die wat logies of selfverduidelikend is (*mishpatim*), soos byvoorbeeld die tien gebooie.
- ❖ Die wat 'n geheimenis bevat en deels bo ons menslike begrip, wysheid en kennis is (*Chukkim*), soos byvoorbeeld die wetsinsetting (*chukat*) van die rooi verskalf en die reinigingswater. Ons wat glo in die gekruisigde en opgestane Messias weet egter dat hierdie wetsinsetting na Yeshua verwys.

Die doel van die offer (verbranding) van die rooi verskalf, hoewel dit nie op die brandofferaltaar geskied het nie, en die reinigingswater wat van die as berei was, was vir die seremoniële reiniging van 'n persoon wat met 'n afgestorwene (met die dood) in kontak was, asook vir die reiniging van oorlogsbuit (Num. 31:21 tot 23). Die oorhoofse doel van hierdie wetsinsetting (*chukkat*) was, om soos die offerandes, nader aan YHVH te beweeg en die verhouding tussen YHVH en sy volk, individueel en korporatief, te herstel. Maar tog het die wetsinsetting van die rooi verskalf 'n unieke doel en derhalwe 'n unieke geestelike betekenis. Hierdie is een van daardie simboliese rituele ('doendinge' of sigbare 'kontakpunte') wat ons help om 'n geestelike waarheid beter te snap en sodoende ons vertrou (geloof) in YHVH te versterk.

Soos reeds genoem is die rooi verskalf en die reinigingswater een van daardie gedeeltes in die Skrifte waar ons waarskynlik nog net ten dele verstaan. Aangesien ons egter weet dat hierdie ook 'n heenwysing na Yeshua Messias is, staan hierdie feit sentraal in ons ondersoek na die geestelike betekenis van hierdie Skrifgedeelte.

Soos ons weet, is alles in die ou verbond 'n heenwysing na die hernieude verbond, asook dat in die hernieude verbond word die ou verbond bevestig. Anders gestel: In die ou verbond is die hernieude verbond verskuil en in die hernieude verbond word die ou verbond openbaar. Daarom, die eerste vraag wat ons dus moet vra, is of daar wel in die hernieude verbond na die rooivers en die reinigingswater verwys word? Die antwoord is 'Ja', naamlik in Heb. 9:13 en 14 verwysend na Yeshua:

*Hy het ook nie ingegaan met die bloed van jaaroue bokke en kalwers nie, maar met Sy eie bloed het Hy een maal in die plek van Afsondering ingegaan en ewige loskoping verkry, want as die besprinkeling van die wat onrein is, met bloed van bulle en bokke **en die as van 'n vers, hulle kan afsonder tot reiniging van die vlees**, hoeveel te meer sal die bloed van Die Gesalfde Een, wat Homself, sonder vlek, deur die ewige Gees aan God geoffer het, ons gewete reinig van dooie werke, om die lewende God te dien (PWL).*

Dit is egter belangrik om daarop te let dat hierdie Skrifgedeelte in Hebreërs nie impliseer dat die onderrig en instruksie aangaande die rooi verskalf en die reinigingswater deur Yeshua vervang is nie. Dit is wel bevestiging dat hierdie reinigingseremonie onder die ou verbond sy doel gedien het, naamlik die reiniging van elkeen wat met die dood in kontak was. Die rooi verskalf en die reinigingswater kon egter slegs tydelike reiniging bewerkstellig, terwyl die reiniging deur Yeshua blywend van aard is. Dit beteken dat die rooi verskalf en die reinigingswater as te ware net die vlees (sielsrealm) gereinig het, maar dat die reiniging deur Yeshua die gees van elkeen reinig wat met die dood in aanraking was. Hierdie reiniging deur Yeshua is dus 'n innerlike verandering wat ons gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien.

Yeshua is dus ook die vervulling van hierdie gedeelte van YHVH se onderrig en instruksies. Soos reeds genoem beteken dit egter nie dat dit uitgedien is nie. Num. 19:21 bevestig dit deur te sê dat dit 'n ewige insetting moet wees (*chukat la olam – 'n instruksie wat tot aan die einde van die wêreld sal voortduur*) wat vir Israel en die vreemdeling wat onder hulle vertoef, geld (Num. 19:10). Hoewel ons dit vandag nie fisies doen nie is die geestelike toepassing daarvan ewigdurend. Indien ons die doel en betekenis van hierdie reinigingseremonie verstaan, asook verstaan hoe dit in Yeshua tot vervulling gekom het, dan kan ons vandag deur geloof (vertrou) ook gereinig word wanneer ons telkens met die dood in aanraking gekom het.

Dit is belangrik om te verstaan dat die seremoniële reiniging met die water wat die as van die rooi verskalf bevat het, die genade van YHVH uitbeeld om ons te neem van die realm van die dood na die realm van ware lewe. Dit was telkens die genade van 'n nuwe begin as gereinigde!

Agtergrond

As agtergrond tot beter begrip van die doel en betekenis van die rooi verskalf, asook van die reinigingseremonie en die toekomstige toepassing en betekenis daarvan, is die volgende belangrik:

Eerstens het YHVH se roeping van Israel as 'n koninklike priesterdom en 'n afgesonderde (heilige) volk (Ex. 19:6), 'n standaard van heiligmaking en reinheid vereis wat hulle duidelik onderskei het van enige ander volk. Die fisiese deel van hierdie onderskeiding (afsondering en reinheid) was 'n seremoniële skeiding van alles wat sonde en sonde verwant was en wat hulle onrein en onheilig sou kon maak en dus verhinder het dat hulle as 'n koninklike priesterdom in YHVH se Afgesonderde (heilige) Teenwoordigheid kon kom.

Ten opsigte van rein is daar twee Hebreeuse woorde wat die teenoorgestelde punte op 'n glykskaal beskryf, naamlik:

- ❖ Aan die bo-ent van die skaal is die woord *tahor* wat die toestand van die gelowige beskryf wat toegang tot die Allerheiligste (*Kodesh Kodeshim*) van die tabernakel moontlik maak, naamlik as geheiligde tot in YHVH se Teenwoordigheid.
- ❖ Aan die onderent van die skaal is die woord *tamei* (onrein) waarvan die uiterste vorm die onreinheid deur kontak met die dood is, en wat genoem word: *die vader van vaders van onreinheid* ('*av'avot ha-tumah*) en wat die persoon in die realm van onheilig (*chol*) plaas waar hy geen toegang tot die Allerheiligste tot in Vader-God se teenwoordigheid het nie.

Die onreinheid deur in aanraking (kontak) met die dood te kom was tweeledig, naamlik die fisiese kontak met 'n afgestorwene (Num. 19:11 – sewe dae van onrein) en die geestelike kontak met die dood wat die gevolg van sonde is (Rom. 6:23). Dit is hoofsaaklik aan laasgenoemde, veral die sonde van afgodery wat Israel haarself skuldig aan gemaak het en wat uiteindelik 'n korporatiewe toestand van onreinheid veroorsaak het. Dit het uiteindelik YHVH se oordeel en ballingskap van die volk tot gevolg gehad het soos ondermeer in Eseg. 36:17 tot 19 beskryf word.

Seun van die mens, toe die huis van Yisra'el in hulle eie land gewoon het, het hulle dit verontreinig met hul lewenswyse en hul dade; hulle lewenswyse voor My was soos die onreinheid van 'n vrou in haar onreinheid. Daarom het Ek My toorn oor hulle uitgegiet, vir die bloed wat hulle in die land vergiet het, want hulle het dit met hul afgode oonteer. Ek het hulle ook verstrooi onder die nasies en hulle is versprei deur die lande; Ek het hulle geoordeel volgens hul lewenswyse en hul dade (PWL).

Dit is hierdie nasionale (korporatiewe) onreinheid wat die rede was dat YHVH Sy aardse woning (die Allerheiligste), en dus Sy volk, uiteindelik verlaat het. Klaagliedere hoofstuk 4, veral verse 13 tot 18, beskryf Israel se toestand. Hierdie is ook die rede hoekom die wat

gesterf het feitlik onmiddelik begrawe moes word en ook die rede hoekom die land Israel te alle tye rein (*tahor*) en heilig (*kodesh*) moes bly anders het die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van YHVH verdwyn en het Israel onder YHVH se beskerming uit beweeg!

Die boodskap van die profete was altyd een van keer terug na Torah-gehoorsaamheid en wees rein en afgesonder (heilig). Dit is hierdie boodskap wat steeds vandag van toepassing is!

Die meerderheid toestande van onreinheid kon na reinheid verander word deur belydenis, berou, 'n gepaste offerande en dan gevolg deur 'n *mikvah* (doop, rituele wassing) te ondergaan. Dit was egter nie die geval met onreinheid weens kontak met die fisiese en geestelike dood nie, want dit was die uiterste vorm van onreinheid. Vir hierdie doel van reiniging moes die reinigingswater bevattende die as van die rooi verskalf in 'n reinigingseremonie gebruik word.

Volgens Judaïsme bestaan daar egter vandag nie een Jood wat rein is nie. Die rede is tweeledig, naamlik:

- ❖ Sedert die vernietiging van die Tempel in 70 nM is daar geen reinigingswater meer beskikbaar om gereinig te word na kontak met die fisiese en geestelike dood nie. Daar is geen rooi verskalf beskikbaar nie, geen hoëpriester om die verskalf te slag nie en ook geen rein persoon om die voorbereidingsproses van die as te behartig nie.
- ❖ Tweedens het alle Jode onrein geraak tydens die verstrooiing (diaspora) en dus weens kontak met afgestorwenes en kontak met afgodery in die lande waar hulle gewoon het.

Volgens Judaïsme kan die tempel slegs herbou word, indien die rooi verskalf en die reinigingswater eers beskikbaar gestel word om die persone wat die tempel bou te kan reinig. Judaïsme is egter in 'n 'catch-22' situasie, want die vraag wat gedebateer word is wie is huidig geskik om die seremonie van die rooi verskalf en van die reinigingswater en die seremoniële reiniging te behartig?

Maar die profeet Esegïël het geprofeteer en die Vaderhart bekend gemaak met hierdie woorde:

Ek sal die afgesonderdheid van My groot Naam herwin wat onder die nasies onteer is, wat julle tussen hulle onteer het. Dan sal die nasies weet dat Ek יהוה is," verklaar יהוה-God, "wanneer Ek Myself tussen julle afgesonderd bewys voor hul oë, want Ek sal julle uit die nasies uithaal, julle uit al die lande bymekaarmaak en julle in jul eie land bring; dan sal Ek skoon water op julle sprinkel en julle sal skoon wees; Ek sal julle van al jul vuilheid en van al jul afgode reinig. Eseg. 36:23 tot 25 – PWL.

Maar ons weet dat Yeshua het reeds gekom om die wetsinsetting van die rooi verskalf en die reiningswater te vervul!! Ons is gereinig van ons kontak met die realm van die dood, en wanneer ons weer met die fisiese en geestelike dood in aanraking kom sal YHVH Yeshua ons telkens opnuut reinig deur in vertroue te gaan om deur Hom gereinig te word. En tog moet

ons die vraag vra: Sou 'n fisiese en tasbare handeling nie in sommige gevalle van hulp wees om die geestelike beter te verstaan en 'n werklikheid te maak nie?²

Ten opsigte van die rooi verskalf en reinigingseremonie skryf Madeleine die volgende:

Vergun my om dit dalk van toepassing te maak op 'n situasie wat ek onlangs beleef het. 'n Baie goeie vriendin van my het vir vier jaar die pad gestap met 'n geliefde wat stadig aan kanker gesterf het. Ek dink enige iemand wat ervaring daarvan het, sal weet dit is 'n emosionele en fisiese uitmergelende stryd. 'n Mens voel later asof die dood aan jou vaskleef. Ons het daarvoor gepraat en ek dink dit sou vir haar 'n wonderlike geestelike belewenis kon wees om 'n week na die begrafnis deur die seremonie van die reinigingswater te kon gaan. Dit sou simbolies wees van 'n nuwe begin en van die dood wat 'afgewas' is. Dit stop nie die rouproses nie, maar kon die afsluiting van 'n seisoen simboliseer. Ek weet Y'shua help ons hiermee en het vir ons as die Offerlam eenmalig die prys betaal, maar om soms met ons lyf deur 'n ritueel te gaan kan so 'n versterking van ons geloof wees. Sommer iets om oor te ponder

Die rooi verskalf en die reinigingseremonie

Soos reeds genoem ondervind Judaïsme probleme om die wetsinsetting van die rooi verskalf te verklaar en beskou hulle dit daarom as 'n verordening wat bloot uit gehoorsaamheid gedoen moet word. In hulle poging om dit te verklaar verbind sommige dit wel met:

- ❖ Die gebeure aangaande die goue kalf, terwyl ander dit weer verbind met
- ❖ Die sondebok (Azazel) van *Yom Kippur* (Groot Versoendag).

Vir ons wat glo in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias is dit duidelik dat die rooi verskalf en die reinigingswater na Yeshua verwys. Heenwysings na Yeshua kan ondermeer gevind word in die volgende: die kleur rooi, die vlekkeloosheid van die verskalf en waarop geen juk gekom het nie, en die verbranding van die verskalf buite die kamp. Die sederhout, hisop en skarlakendraad is ook simboliese heenwysing na Yeshua en Sy versoeningswerk aan die kruis.


Num. 19:1 tot 10 beskryf die vereistes waaraan die rooi verskalf moet voldoen; hoe en deur wie sy geoffer moes word en hoe die as van die verbrande verskalf voorberei moes word om dan met 'lewende' water gemeng te word as reinigingswater. Die voorbereiding van die as van die rooi verskalf het die volgende behels (Tempeltye):

- ❖ Die hoëpriester het die verskalf by wyse van 'n spesiale seremonie op die olyfberg (buite die kamp) geslag. Die spesifieke rein plek (altaar) het bekend gestaan as die *Mount of Anointment*. Gedurende die tydperk van die tweede tempel het 'n 'brug' die Oostelike hek van die tempel (*Shushan-hek*) verbind met die Olyfberg. Hierdie brug was ook op

² Omdat YHWH weet dat ons beter leer deur die sigbare en die tasbare, word sekere dinge soos die Bestemde Tye (*Mo'adim; feestye*) fisies uitgebeeld en jaarliks weer herhaal sodat dit vir ons 'n werklikheid kan word. Dit is daar om ons te herinner, maar ook om ons kennis in wysheid en openbaringe te verander en die geestelike betekenis by ons in te skerp. Dieselfde geld vir die *mikvah* (doop). Die doel van die offerandes was soortgelyk, naamlik 'n fisiese handeling van 'n geestelike waarheid – 'n verandering in die geestelike realm wat op fisiese en sigbare wyse uitgebeeld word.

Yom Kippur gebruik om die *azazel* vanuit die tempel oor die Olyfberg die woestyn in te neem.

Skematies in Tempeltyd en profetiese betekenis.



- ❖ Die hoëpriester het van die bloed in sy linkerhand opgevang en dit met sy regter wysvinger 7 keer in die rigting van die ingang van die tabernakel (tempel) gesprinkel.
- ❖ Terwyl die karkas verbrand word, gooi die priester hissop, sederhout en 'n skarlaken koord in die vlamme en gaan dan eenkant om homself te was en te reinig.
- ❖ 'n Ander Priester wat ritueel rein was, het die as versamel, dit fyn gemaal en dit na 'n spesifieke plek buite die kamp geneem waar dit in 'n kleipot (*klal*) bewaar was. Gedurende die tempel tydperk was dit in die tempel bewaar en is water uit 'n fontein aan die voet van die tempelberg geneem (volgens sommige uit die bad van Siloam) en in kleipotte in die tempel geplaas. 'n Klein hoeveelheid van die as was met die hierdie 'lewende' (vloeiende water, fonteinwater) gemeng en in die reinigingseremonie gebruik.

Die reinigingseremonie (Num. 19:11 tot 22) was bedoel vir elkeen wat onrein geword het nadat daar met die realm van die dood in aanraking gekom was. Eerstens is dit belangrik om daarop te let dat dit nie die as van die verskalf was wat op die mense gesprinkel was nie, maar wel water bevattende die as. Daarom word geglo dat slegs 'n baie klein hoeveelheid van die as by water gevoeg was om dit geskik vir die reinigingseremonie te maak. Die reinigingseremonie het die volgende behels:

- ❖ 'n Rein persoon het 'n hisoptakkie in die reinigingswater gedruk en dan die persoon, die tent en die inhoud van die tent wat onrein was, besprinkel.
- ❖ Die reine moet die onreine op die derde en op die sewende dag besprinkel het. Daarna sou die priester weer geskik (rein) wees vir dienswerk in die tabernakel.
- ❖ In hierdie proses het die reine wat die reinigingswater gesprinkel het, onrein geraak en moes hy homself reinig deur sy klere te was. Hierdie is ook van daardie geheimenisse wat ons waarskynlik slegs ten dele verstaan, naamlik: die ware betekenis van die wat onrein is word rein deur die reinigingswater en die wat rein is word onrein!?
- ❖ Elkeen wat aan 'n dooie raak en hom nie ontsondig nie, verontreinig die tabernakel en dié siel moet uit Israel uitgeroei word (Num. 19:13)

Let daarop dat oorlogsbuit moes ook deur vuur en die reinigingswater onsondig word. Die krygsmanne moes ook gereinig word (Num. 31:21 tot 24).

Die Symbolisme van die Rooi Verskalf en die Reinigingswater

Opsommend: Die reinigingswater bevattende die as van 'n verbrande rooi verskalf was die enigste wyse wat 'n persoon wat met die realm van die dood in aanraking gekom het, gereinig kon word. Ons het ook gesien dat kontak met 'n dooie die ergste toestand van onreinheid is.

Soos ook reeds genoem, is beide die rooi verskalf en die reinigingswater 'n heenwysing na die versoeningswerk van Yeshua aan die folterpaal. Hoewel ons nie die volle openbaring van die betekenis hiervan het nie, is daar wel sekere elemente wat sterk op die volgende dui:

- ❖ Ons almal het met die dood in kontak gekom in ons toestand as geestelike dood. Voor ons gees wedergebore is deur geloof in die versoeningswerk van Yeshua aan die kruis, was ons geestelike dood. Ons het dus in die realm van die dood beweeg. Onthou die loon van die sonde is die dood (Rom. 6:23). As sondaars was ons reeds dood hoewel ons fisies gelewe het.
- ❖ Die enigste wyse wat ons uit die realm van die dood na die lewe kan beweeg, is deur die reinigingsremonie van wedergeboorte. Die rooi verskalf en die reinigingswater is hiervan 'n sinnebeeld. Geen ander offerande is vir hierdie doel geskik nie.
- ❖ Die vyf offerandes (die brandoffer, die spysoffer, die maaltydoffer, die sondoffer en die skuldoffer) soos in Levitikus hoofstukke 1 tot 5 beskryf word, was offerandes wat binne die kamp (in die tabernakel) plaasgevind het. Die oorhoofse doel daarvan was om nader aan Vader-God te beweeg en was geoffer deur 'n persoon wat reeds in 'n verhouding met YHVH gestaan het. Die sondoffer van die rooi verskalf en die reinigingswater (Num. 19:9) moes egter buite die kamp (tabernakel) plaasvind. Hierdie reinigingsproses was 'n voorvereiste alvorens die ander offers binne die kamp gebring kon word.

In die lig van bogenoemde is dit dus duidelik waarom Yeshua “buite die kamp” moes sterwe. Soos die rooi verskalf moes Yeshua weg van die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH geoffer ('verbrand') word. Verwys Jes. 53:4 tot 6 en Matt 27:46.

Yeshua se opstanding uit die dood op die derde dag kan vergelyk word met die reinigingswater wat op die derde dag op die onreine gesprinkel is. Vergelyk Num. 19:12 en 19 met Rom. 10:9 en 10 – deur geloof bely en glo ons dat Yeshua vir ons sondes gesterf het en op die derde dag opgestaan het.

Die besprinkeling op die sewende dag (Num. 19:12 en 19) is 'n heenwysing van die volmaakte reiniging deur die woord – die waterbad van die woord (Ef. 5:25 en 26) .

Yeshua as Messias het die onderrig en die instruksies aangaande die rooi verskalf en die reinigingswater vervul. Hy is die reinigingswater, maar ook die een wat ons met die reinigingswater was (sprinkel) en wat namens ons onrein geword het, sodat ons rein kan wees. Elkeen wat deur geloof in Yeshua gereinig is van 'n lewe van sonde en dood kan nou in YHVH se teenwoordigheid leef volgens die Gees van die lewe in Yeshua (Rom. 8:2).

Die feit dat die verordening van die rooi verskalf en die reinigingswater ‘n ewige insetting is, en die feit dat die geboorte van rooi verskalwers wat aan die vereistes vir hierdie verordening na sowat 2000 jaar weer ‘n toenemende werklikheid word³, asook die dryf om die Tempel in Jerusalem te herbou, is alles deel van YHVH se tydplan vir die einde van dae.

Volgens die *Mishnah* was daar nege rooi verskalwers in die geskiedenis van Israel geoffer en glo Judaïsme dat die tiende verskalf deur Yeshua self geslag sal word. Maar vir dit om te gebeur moet daar volgens sommige eers ‘n tempel wees!? Judaïsme glo dat Messias slegs sal kom as daar ‘n tempel in Jerusalem is. Maar volgens Judaïsme, en soos reeds genoem, kan die tempel slegs herbou word, indien die rooi verskalf en die reinigingswater eers beskikbaar gestel word om die persone wat die tempel bou te kan reinig.

Judaïsme is egter in ‘n ‘catch-22’ situasie, want die vraag wat gedebateer word, is wie is huidig geskik om die seremonie van die rooi verskalf en van die reinigingswater en die seremoniële reiniging te behartig? Die belangrikheid van die rooi verskalf en die reinigingseremonie volgens Judaïsme, en dus van die herbou van die tempel, maak dit een van die eindtydgebeure wat met die wederkoms van Yeshua te doen het. As Messiaanse gelowiges moet ons kennis neem van die gebeure wat hiermee verband hou. Ons besef egter dat ook in die verband ken ons slegs ten dele.

Die ooreenkomste tussen die wetsinsetting van die rooi verskalf en Yom Kippur (Lev. 16 – die Groot Versoendag, veral vers 27) moet ook nie buite rekening gelaat word nie. Beide het te doen met vergifnis en versoening met YHVH.

In Daniel 12:10, en verwysend na die eindtye, lees ons: *Baie sal gereinig en gesuiwer en gelouter word.* Volgens sommige kommentare verwys dit na die as van die rooi verskalf en reinigingswater (Num. 19:6) en ook na Jes. 1:18 – *al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.*

Volgens Rabbi Chaim Richman (Judaïsme):

In truth the fate of the entire world depends on the Red Heifer. For God has ordained that its ashes alone is the single missing ingredient for the restatement of biblical purity – and therefore, the rebuilding of the Holy Temple.

Volgens Judaïsme is die verskyning (teling) van rooi verskalwers ‘n teken deur YHVH dat die koms van Messias naby is!!!

Maranata, kom Yeshua, kom gou!!

Bepeins of Bespreek

1. Is Yeshua die tiende rooi verskalf wat ‘verbrand’ was en wat met Lewende Water (Hy is Lewende Water) gemeng was om die reinigingswater te wees om ons te reinig van kontak

³ Groot belangstelling en verwagting het ontstaan met die geboorte van die eerste rooi verskalf wat Melody genoem was. Sy het egter na ‘n tyd enkele wit hare gekry en dit het haar ‘gediskwalifiseer’ as geskik vir die voorbereiding van die reinigingswater. Maar dit is ook belangrik om te verstaan dat die vereistes dat die rooi verskalf nie een haar van ‘n ander kleur mag bevat nie ‘n Talmud instruksie is en nie deur Torah voorgeskryf word nie!

met die geestelike dood? Aangesien Yeshua die skaduwee (die kern, die substans, die wese en die hoofbestanddeel) is van dit wat die rooi verskalf verteenwoordig (Kol. 2:16 en 17), was Sy offer as Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek die voorloper van die ‘herbou’ van die Tempel (Joh. 2:19) – hoewel hierdie tempel nie deur mense gebou is nie, maar deur die Afgesonderde Gees (Matt. 26:26 tot 28; 1 Kor. 12:27; Efes. 4:4, 11 en 12; Kol. 1:24). Die volgelingen van Yeshua is deel van daardie Tempel van Sy Liggaam (1 Kor. 3:16 en 12:27) en word lewende stene genoem (1 Pet. 2:5). Deur die offer van die tiende Rooi Verskalf, naamlik Yeshua Messias, is ‘n nuwe priesterorde gevestig volgens die orde van Melgisedek (Heb. 5:10, lees saam met 1 Pet. 2:5) wat die ou Levitiese priesterorde van Aäron vervang (Heb. 13:10). Ons is dus gereinig met die volmaakte reinigingswater waarvan die ou verbond slegs die skaduwee van was (Matt. 26:28; Heb. 9:14 en 12:24; Efes. 1:7; 1 Pet. 1:2, 18 en 19; Rom. 5:9; Kol. 1:14; 1 Joh. 1:7).

2. Yeshua se lof en eer is meer as die van Moses wat ‘n sinnebeeld (skaduwee) van Yeshua was.

Daarom, my afgesonderde broers, wat deel in die hemelse roeping, dink versigtig aan Yeshua, Die Gesalfde Een, wat ons openlik erken as God se Afgevaardigde en nie-Levitiese Hoofpriester. Hy is vertrouenswaardig teenoor God wat Hom aangestel het, net soos Moshe in God se hele huishouding getrou was, want hierdie Een se lof en eer is baie meer as die van Moshe, soveel as wat hy wat die huis gebou het, baie meer eer het as die huis, want elke huis word deur iemand gebou, maar Hy wat voortdurend alles bou, is God. Moshe was as ‘n dienskneg toevertrou met die hele huis, tot getuigenis van wat nog deur Hom gesê sou word, maar Die Gesalfde Een as Seun oor Sy huis. Ons is Sy huis as ons die vrymoedigheid en die trots van Sy goeie Boodskap tot die einde toe vashou.

Omdat die Gees van Afsondering sê: “Vandag as julle Sy stem hoor, verhard nie julle verstand, wil en emosie om Hom kwaad te maak, soos hulle wat rebels is en soos in die dag van die toetsing in die wildernis, toe julle vaders My getoets het, My beproef het en My dade veertig jaar lank gesien het, nie. Heb. 3:1 tot 9 - PWL

3. Yeshua is die Reinigingswater wat die herbou van die Jerusalem tempel moontlik maak! Hy is die Hoëpriester wat die reinigingsseremonie mag behartig.

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Rigters 11:1 tot 33 – Die Hede Belangriker As Die Verlede!

En Jefta, die Gileadiet, was ‘n dapper held, maar hy was die seun van ‘n hoer; en Gilead was die vader van Jefta. Rigters 11:1

Jefta was ‘n Gileadiet wie se ma ‘n hoer was. Volgens sommige kenners was sy egter ‘n herbergier (*Adam Clarke’s Commentary on the Bible*). Klaarblyklik was sy ook nie ‘n Israeliet nie, maar wel ‘n Kanaäniet soos vers 2 in sommige vertalings na haar verwys as ‘n ‘vreemde’ vrou (*strange woman*). Ongeag hierdie meningsverskil is dit ‘n feit dat Jefta nie ‘n wettige erfgenaam van sy pa Gilead was nie. Hy was dus nie ‘n ware Israeliet nie, maar was beskou as ‘n ‘vreemdeling’ en daarom het sy broers hom weggejaag.

Jefta het gaan woon in die land Tob, wat aangrensend aan die landstreek Gilead was, waar hy spoedig die leier van ligsinnige (ydele) manne geword het (Rig. 11:3). Die betekenis van ligsinnig (ydell) in die verband verwys na die feit dat hulle nie hulle bestaan deur arbeid gemaak het nie, maar wel deur hulle vyande te beroof en deur oorlogsbuit te neem. Hierdie vyande was ondermeer die Ammoniete en dus ook die vyand van Israel. Jefta het homself dus

as leier bewys en as opgewasse teen die vyand. Daarom het sy broers na hom gekom en gevra om hulle aanvoerder teen die Ammoniete te wees.

Ten spyte van Jefta se verlede leer ons dat Vader-God enige een kan gebruik om Sy raadsplan uit te voer. Hierdie week se Haftorah is bevestiging daarvan. YHVH kyk nie na ons verlede nie, maar na die hede!! Hy kyk na die bedoelings van ons harte, na ons liefde vir Hom, na ons toegewydheid en bereidwillig om ons lewens op te offer ter uitbreiding van Sy Koninkryk. So lees ons ten opsigte van die salwing van Dawid as koning die volgende:

Maar YHVH sê vir Samuel: Kyk nie na sy voorkoms en sy hoë gestalte nie, want Ek ag hom te gering. Want nie wat die méns sien, sien God nie; want die mens sien aan wat voor oë is, maar YHVH sien die hart aan. 1 Sam. 16:7

Vader-God is die een wat harte en niere toets (Ps. 7:10). *Hy deursoek al die harte en Hy verstaan elke versinsel van die gedagtes. As jy Hom soek, sal Hy Hom deur jou laat vind; maar as jy Hom verlaat, sal Hy jou vir altyd verstoot. (1 Kron. 28:9).*

God's not interested in our ability; he's interested in our stick-ability – Leonard Ravenhill.

God is not interested in your ability, but in your availability!

God uses people. God uses people to perform His work. He does not send angels. Angels weep over it, but God does not use angels to accomplish His purposes. He uses burdened broken-hearted weeping men and women – David Wilkerson

Jefta is ook 'n sinnebeeld van die nie-Jode wat ingeënt word op die mak olyfboom en sodoende deel word van die hele Israel. Soos die profesie van die twee huise van Israel wat een sal word in vervulling gaan (Esegiël hoofstuk 37), so sal die nie-Jode ook as deel van Israel ontvang word en die erkenning as leiers geniet.

Ons leer ook dat Jefta eers op diplomatieke wyse probeer het om 'n oorlog met die Ammoniete af te weer (Rigters 11:12 tot 17). Die uiteinde was egter oorlog en YHVH het aan Israel die oorwinning besorg. Hierin is daar ook 'n les vir ons te leer.

Die belangrikste is om te onthou wat Yeshua ons geleer het, soos dit ondermeer in Matt. 5:26 opgeteken is, naamlik:

Kom gou tot 'n vergelyk met iemand wat jou hof toe vat terwyl jy nog saam met hom op die pad is sodat hy jou nie miskien oorgee aan die regter en die regter jou oorgee aan die belastinggaarders en jy in die gevangenis gegooi word nie! (PWL)

Ons word ook in Heb. 12:14 daaraan herinner om die vrede met almal na te jaag. Indien ons pogings tot vrede en versoening egter misluk, en indien ons volgens YHVH se geregtigheid wandel, sal YHVH ons die oorwinning gee wanneer ons as laaste uitweg met meer drastiese aksies teenoor ons vyande optree.

Die Skrifte verbied ons nie om in selfverdediging op te tree nie. Sommige sal wel Yeshua se vermaning om die ander wang te draai (Matt. 5:39) as rede aanvoer om nie jouself te teen 'n aggressor te beskerm nie sodat jy deur sodanige optrede die liefde van Yeshua demonstreer. Dit mag baie edel wees, maar in alle waarskynlikheid sal dit die aggressor aanspoor tot groter aggressie en om ook ander op soortgelyke wyse te behandel.

Die vraag is dus wat Yeshua bedoel het toe Hy gesê het om die ander wang ook te draai? Het Yeshua vredeliewendheid (pasifisme) as plaasvervanger vir selfverdediging voorgestaan? Volgens Hebraeëse siening was pasifisme nooit deel van hul denke en kultuur nie. Dit is toelaatbaar (geregverdig) om iemand uit selfverdediging dood te maak. In die verband moet ons onthou dat sommige van Yeshua se disippels was gewapen (Luk. 22:35 tot 38 en 50).

Toe Yeshua hulle vermaan het om die ander wang te draai het Hy hulle nie onderrig gegee oor hoe om teenoor geweldenaars (rowers, verkragters, moordenaars, ens.) op te tree nie. Nee, Yeshua het na die basiese beginsels van onderlinge broederliefde verwys. In die verband is die volgende woorde van Yeshua van toepassing:

En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin; Toe kom Petrus na Hom en sê: Meester, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe? Yeshua antwoord hom: Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe. Matt. 18:15, 21 en 22

Om die ander wang te draai het nie betrekking op wanneer ons lewe en voortbestaan op die spel is nie!!

In Rigters 11:29 lees ons: *Toe het die Gees van YHVH op Jefta gekom.* Die Christendom beweer dat die krag en gawes van die Afgesonderde Gees nie in die tyd voor die uitstorting van die Gees op pinksterdag (Handelinge 2) gemanifesteer het nie. In die lig van hierdie teksvers en ander (Num. 11:26 en 27; Num. 24:2; Rigters 3:10; Rigters 6:34; Rigters 13:25; Rigters 14:6 en 19; 1Rigters 5:14; 1 Sam 10:11; 11:6; 1 Sam. 19:20 tot 24; 1 Kron 12:18; 2 Kron 24:20) kan dit sekerlik nie waar wees nie!

Bepeins of Bespreek

1. Is daar dinge uit jou verlede wat jou terughou en verhinder dat jy dit leef waarvoor Vader-God jou geroep het. Dikwels is ons verlede nie ons toedoen nie, maar wel 'n skande om mee saam te leef! Jefta kon dat verwerping, bitterheid en minderwaardigheid hom verhinder het om 'n dapper held te wees, maar hy het sy verlede oorwin. Onthou: Jy kan in die verlede lewe, maar daar is geen toekoms daar nie!! Soos Paulus sê: *Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Messias Yeshua* (Fil. 3:14). Is jy ywerig om die prys te betaal (die grondgebied terug te neem) vir die hoë roeping van YHVH in Yeshua Messias? Onthou: Indien jou verlede roep, moenie antwoord nie, want jou verlede het niks nuuts om vir jou te vertel nie!
2. Is die volgende Skrifgedeeltes waar in jou lewe: Fil. 4:13; Rom. 8:37; Open. 12:11; Kol. 2:12; Efes. 2:6? Indien nie, is die vraag hoekom nie?!
3. Soms is dit baie moeilik om te onderskei tussen jou broeder (naaste) en jou vyand. Hoe kan ons hierdie onderskeid tref? Is die antwoord nie moontlik te vinde in die woorde van Yeshua in Matt. 12:50 nie? Is iemand wat nie die wil van YHVH doen nie dan nie ook 'n vyand van God nie? Ons weet dat vriendskap met die wêreld is vyandskap teen YHVH (Jak. 4:4)

4. Terwyl dit waar is dat die Afgesonderde Gees in beide die ou en die hernieude verbond as die krag en vermoë van YHVH in en deur gelowiges gemanifiteer het, is dit eweneens waar dat op *Shavuot* (Pinksterdag) het die volgelinge van Yeshua 'n bonatuurlike ondervinding belewe. Wat was dit? Die disippels was immers byeen om *Shavuot* (die gee van Torah by Sinai) te gedenk toe die Afgesonderde Gees elkeen vervul het en as 'n vuurtong op elkeen gemanifiteer het. Is daar nie moontlik 'n verband tussen die Torah en die Gees nie?

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.